Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAS DIE VELDTOG TEN GUNSTE VAN DIE BEËINDIGING VAN DIENSPLIG ('ECC') IN DIE 1980's SUKSESVOL MET HULLE MOBILISERING TEEN DIE APARTHEIDSREGERING?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wanneer, volgens die bron, is die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('End Conscription Campaign (ECC)') gestig? (1 x 1) (1)

1.1.2 Verduidelik die konsep *diensplig* in die konteks van die apartheidsregering se militêre beleid. (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem enige VIER wit groepe in die bron wat deur die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('End Conscription Campaign (ECC)') aangelok is. (4 x 1) (4)

1.1.4 Waarom, dink jy, het die 'ECC' 'n reeks mediaveldtogte begin met die doel om publieke bewustheid ten opsigte van die rol van die weermag te verhoog? (1 x 2) (2)

1.1.5 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die groot aantal mense wat die 'een openbare vergadering in Kaapstad, wat die einde van die vastyd (tydperk van godsdiensbeoefening) aangedui het', bygewoon het. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, het die 771 mans in die publiek verklaar gedurende die bekendstelling van die nasionale register van gewetensbeswaardes? (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarom, dink jy, het die apartheidsregering noodregulasies gebruik om te voorkom dat verskeie mediakonferensies oor die bekendstelling van die 'ECC' se nasionale register te rapporteer? (1 x 2) (2)

1.2.3 In die konteks van die 'ECC', lewer kommentaar op die implikasie van Chris de Villiers se stelling: '… ons is nie bereid om apartheid te verdedig nie.' (2 x 2) (4)

1.2.4 Definieer die term *referendum* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die woorde op die banier, 'STOP die oproep!', in die konteks van die ECC se veldtogte teen diensplig. (1 x 2) (2)

1.4 Verwys na Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1B die inligting in Bron 1C ondersteun rakende die 'ECC' se protesveldtogte teen die apartheidsregering se militêre dienspligbeleid. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Haal TWEE wysigings uit die bron aan wat aan die Wet op Verdediging aangebring is. (2 x 1) (2)

1.5.2 Verduidelik wat met die stelling 'die drakoniese (baie streng) maatreëls (het) eerder die teenoorgestelde uitwerking gehad', ten opsigte van die wysiging aan die Wet op Verdediging bedoel word. (1 x 2) (2)

1.5.3 Watter bewyse, volgens die bron, dui aan dat die 'ECC'-lede aan uitgebreide staatsonderdrukking onderhewig was? Gee DRIE antwoorde. (3 x 1) (3)

1.5.4 Lewer kommentaar op waarom 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer die reaksie van die apartheidsregering op die 'ECC' bestudeer word. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('End Conscription Campaign (ECC)') suksesvol was om teen die apartheidsregering in die 1980's te mobiliseer. (8)

**[50]** 2024

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM IN DIE 1980's DIE AKTIWITEITE VAN DIE APARTHEIDSREGERING SE GEHEIME CHEMIESE EN BIOLOGIESE OORLOGVOERING-(CBO)-PROJEK OOP TE VLEK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wie, volgens die bron, was die hoof van Suid-Afrika se geheime chemiese en biologiese oorlogvoering-projek? (1 x 1) (1)

2.1.2 Verduidelik die term *amnestie* in die konteks van die Waarheids-en-Versoeningskommissie. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, het dr. Wouter Basson geweier om om amnestie aansoek te doen? (1 x 2) (2)

2.1.4 Maak 'n lys van enige VIER bevindinge in die bron, wat die Waarheids-en-Versoeningskommissie rakende Projek Kus onthul het. (4 x 1) (4)

2.1.5 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling, '... (die WVK) het bevind dat die program (CBO) nie moontlik sou wees sonder 'n sekere mate van internasionale samewerking en ondersteuning nie'. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Watter posisie in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het Eerwaarde Frank Chikane beklee toe hy in 1989 vergiftig is? (1 x 1) (1)

2.2.2 Defineer die woord *anti-apartheidstryder* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op die belangrikheid van dr. Schalk Van Rensburg se getuienis voor die WVK-amnestieverhore rakende Eerwaarde Frank Chikane se vergiftiging. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor hoe die Suid-Afrikaanse regering chemiese en biologiese oorlogvoering gebruik het om anti-apartheidsaktiviste te vermoor. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die betekenis van dr. W Basson se woorde, 'EK **SWEER** EK HET NOOIT MY EED OORTREE NIE!', rakende sy aktiwiteite as hoof van Projek Kus. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die menslike skedels en bottel met gifstof wat in die spotprent uitgebeeld word in die konteks van dr. Wouter Basson se aktiwiteite. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Wie, volgens die bron, het die CBO-program ondersteun? Gee enige DRIE antwoorde. (3 x 1) (3)

2.4.2 Noem enige DRIE projekte van die CBO-program soos in die WVK-verslag gevind. (3 x 1) (3)

2.4.3 Lewer kommentaar op waarom die apartheidsregering hulle toevlug tot die gebruik van chemiese stowwe en dwelms teen hulle vyande geneem het. (1 x 2) (2)

2.4.4 Verduidelik die implikasie van die stelling, '... dat Projek Kus "middels om die vrugbaarheid en viriliteit (geslagsdrang) van mense te verswak", nagejaag het'. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot hoe Projek Kus die regte van gewone Suid-Afrikaanse burgers geskend het, te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie in die 1980's daarin geslaag het om die aktiwiteite van die apartheidsregering se geheime Chemiese en Biologiese Oorlogvoering-projek oop te vlek. (8)
. **[50]**

**VRAAG 3: SPEEL SUID-AFRIKA 'N BELANGRIKE ROL OM BRICS AS 'N GLOBALE EKONOMIE TE VERSTERK?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wanneer, volgens die bron, het Suid-Afrika 'n lid van BRICS geword? (1 x 1) (1)

3.1.2 Haal EEN rede uit die bron aan oor waarom Suid-Afrika in 2014 en 2015 deur graderingsagentskappe afgegradeer is. (1 x 1) (1)

3.1.3 Lewer kommentaar op wat die Wêreldbank met 'Suid-Afrika (moes) 'n tweeledige (dubbele) ekonomie (bly) met een van die hoogste ongelykheidskoerse in die wêreld' geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Verduidelik die term *ongelykheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.5 Wat, volgens die bron, was Suid-Afrika se Gini-inkomste in 2008? (1 x 1) (1)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Noem enige DRIE pilare in die bron waarop Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS gebaseer is. (3 x 1) (3)

3.2.2 Wat, dink jy, word met die Zambiese ekonoom, me. Dambisa Moyo, se artikel met die titel 'Global Slowdown: Africa's Chance to Stand Up and Shine', rakende Afrika se verteenwoordiging in BRICS geïmpliseer? (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n navorser wat die rol wat Suid-Afrika speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Volgens die bron, tot watter mate sou Suid-Afrika se ekonomie uit die BRICS-Afrika-verhouding voordeel trek? (1 x 2) (2)

3.3.2 Verduidelik die term *opkomende Afrika-ekonomieë* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.3.3 Haal enige TWEE bewyse uit die bron aan om aan te dui waarom buitelandse beleggers tekens van vermoeidheid (moegheid) teenoor Suid-Afrika getoon het. (2 x 1) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en Bron 3C. Verduidelik hoe Bron 3B van Bron 3C verskil rakende Suid-Afrika se rol as 'n lid van BRICS. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer die volgende in die bron:

(a) Die land met die kleinste BBP in 2011 (1 x 1) (1)

(b) Die land met die grootste BBP in 2011 (1 x 1) (1)

3.5.2 Watter gevolgtrekkings kan gemaak word uit Suid-Afrika se bevolkingsgroei tussen 2011 en 2022? (2 x 2) (4)

3.5.3 Verduidelik waarom China se BBP van 7,3 triljoen in 2011 tot 17,458 triljoen in 2022 gestyg het. (1 x 2) (2)

3.5.4 Gebruik statistiese bewyse en verduidelik of Suid-Afrika 'n belangrike rol speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of Suid-Afrika 'n belangrike rol speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Die Swartbewussynsbeweging, onder leiding van Steve Biko, het swart mense bemagtig om selfstandig te wees en ontslae te raak van 'n minderwaardigheidskompleks in hulle stryd om in die 1970's die apartheidsregering uit te daag.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die hantering van Chris Hani se moord in 1993 was die enigste voorbeeld van goeie leierskap van partyleiers tydens die onderhandelingsproses vanaf 1990 wat in 1994 tot 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika gelei het.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Verduidelik tot watter mate die ingrypende hervormings wat Gorbachev in die 1980's ingestel het die Sowjetunie polities en ekonomies beïnvloed het, en terselfdertyd tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## MEI/JUNIE 2024

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*
*Blaai om asseblief*

**VRAAG 1: WAS DIE VELDTOG TEN GUNSTE VAN DIE BEËINDIGING VAN DIENSPLIG ('ECC') IN DIE 1980's SUKSESVOL MET HULLE MOBILISERING TEEN DIE APARTHEIDSREGERING?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder verduidelik die stigting van die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('End Conscription Campaign (ECC)'), wat teen die militêre dienspligbeleid van die apartheidsregering gekant was.

Die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('ECC') is in 1983 deur lede van verskeie ondersteuningsgroepe vir gewetensbeswaardes (teen diensplig) gestig. Omdat diensplig iets was wat alle wit mense beïnvloed het, het die 'ECC' sonder moeite (maklik) 'n sleutelmag teen apartheid onder lede van die wit gemeenskap geword. In 'n poging om soveel organisasies as moontlik aan te moedig om by die 'ECC' aan te sluit, het die 'ECC' komitees in Kaapstad, Johannesburg en Durban gestig. Hulle het daarin geslaag om 'n wye reeks wit groepe, soos die National Union of South African Students (NUSAS), die Kwakers ('Quakers'), die 'Social Action'-groepe van die Anglikaanse en Metodiste-kerke, die 'Civil Rights League', en uiteindelik ook die 'Young Progressives' te lok.

Kort na hulle aanvanklike organiseringstydperk, het die 'ECC' 'n Verklaring om Diensplig te Beëindig uitgereik. Hulle het toe begin met 'n terugkeer na 'n reeks mediaveldtogte met die doel om die publiek se bewustheid van die rol van die weermag, hulle destabiliseringsoperasies in buurlande ingesluit, te verhoog.

Die 'ECC' het vroeg in 1985 'n grondwet opgestel en planne vir 'n nasionale veldtog aangeneem. Toe troepe in swart woonbuurte ontplooi is en 'n beperkte noodtoestand in Augustus verklaar is, het die 'ECC' 'n veldtog met die naam Troepe uit die Woonbuurte bekend gestel en 'n 'Fast for a Just Peace' (Vas vir Regverdige Vrede) georganiseer. Een openbare vergadering in Kaapstad wat die einde van die vastyd (tydperk van godsdiensbeoefening) aangedui het, het 4 000 mense gelok. Die 'ECC' het vroeg in 1986 nog 'n suksesvolle nasionale veldtog ondersteun wat as 'Working for a Just Peace' (Werk vir Regverdige Vrede) bekend gestaan het.

[Uit *Vanderbilt Journal of Transnational Law*, Volume 22, Uitgawe 1 van 1989]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel wat op 22 September 1989 in die *Mail and Guardian*-koerant verskyn het. Dit beklemtoon protesaksie wat deur 771 wit manlike lede van die 'ECC' teen die apartheidsregering se dienspligbeleid onderneem het.

Altesaam 771 wit mans het gister in die openbaar verklaar – by die bekendstelling van 'n nasionale register van gewetensbeswaardes (teen diensplig) – dat hulle nie in die Suid-Afrikaanse Weermag diens sou verrig nie. Die geleentheid was die grootste aanduiding ooit van antidiensplig-sentiment (gevoel) in Suid-Afrika. Dit kom 'n jaar na die verbanning van die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig en ná drie jaar van noodregulasies wat dit onwettig maak om die stelsel van militêre diensplig te ondermyn. Daar kan dus deels nie verslag gelewer word oor wat by die verskillende mediakonferensies regoor die land gesê is nie.

Die 771 het godsdienstige, morele en politieke gronde aangehaal (verwys na) vir die weiering om enige diens in die Suid-Afrikaanse Weermag te verrig, en gesê 'die Weermag word gebruik om die stelsel van apartheid in stand te hou'. Sommige van hulle het onstellende ervarings tydens hulle nasionale diensplig as redes aangevoer. 'Ons het met 'n skoon gewete en op ons eie (vrywillig) besluit dat ons nie in die Weermag diens kan verrig nie ten spyte van moontlike vervolging en tronkstraf. Ons maak beswaar daarteen om in die rassistiese Weermag, wat 'n rassistiese regering ondersteun, diens te verrig en ons is nie bereid om apartheid te verdedig nie,' het Chris de Villiers, ECC-takvoorsitter, gesê.

De Villiers het die Minister van Verdediging, Generaal Magnus Malan, uitgedaag om 'n referendum te hou en te toets hoeveel jong Suid-Afrikaners beswaar maak teen die verrigting van enige diens in sy weermag. Hy het gesê dat baie van die beswaarmakers intense druk, in beide hul gemeenskappe en hulle werksplekke, vir gister se openbare standpunt sou ervaar. De Villiers het aangekondig dat daar bewaarders (beskermers) van die register in elke streek sou wees vir mense wat hulle name by die beswaarlys wou voeg.

[Uit *Mail and Guardian*, 22 September 1989]

**BRON 1C**

Die foto hieronder is op 20 Oktober 1989 in Kaapstad geneem. Dit toon lede van die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig (ECC) in 'n optog. Hulle dra die verpligte oproepdokumente vir militêre diens wat hulle by die plaaslike weermaghoofkwartier, die Kasteel, wou oorhandig.




[Uit https://www.news24.com/news24/opinions/columnists/guestcolumn/opinion-glenn-bownes-why-i-conscientiously-object-to-whitewashing-of-de-klerks-apartheid-crimes-20211118i. Toegang verkry op 23 Februarie 2023.]

**ONDERSTEUN BESWAARMAKERS!**

**STOP die oproep!**

**BRON 1D**

Die bron hieronder is deel van 'n getuienis wat op 23 Julie 1997 deur dr. Laurie Nathan, nasionale organiseerder van die Veldtog Ten Gunste van die Beëindiging van Diensplig ('End Conscription Campaign (ECC)') in 1985 en 1986, by die Spesiale WVK-verhore in Kaapstad gelewer is. Dit werp lig op hoe die 'ECC'-aktiviste deur die apartheidsregering onderdruk is.

Die regering se reaksie was om in 1983 die Wet op Verdediging te wysig. Die wysiging het 'n beperkende en bestraffende (bedoel as straf) opsie van alternatiewe diens gebied en het ook die straf vir gewetensbeswaar tot 'n maksimum van ses jaar tronkstraf verhoog. Op hierdie stadium was die duur van verpligte militêre diens vir wit mans 'n totaal van vier jaar wat bestaan het uit twee jaar aaneenlopende diens gevolg deur jaarlikse kampe van dertig, sestig of negentig dae. Indien die regering gehoop het dat die wysiging van die Wet op Verdediging die 'War Resistance Movement' (Oorlogweerstandsbeweging) sou onderdruk, het die drakoniese (baie streng) maatreëls eerder die teenoorgestelde uitwerking gehad.

Ons veldtogte was treffend van aard en het tot uitgebreide staatsonderdrukking gelei. Ons is onderwerp aan genadelose belastering (belediging), met die strekking (betekenis) dat ons verraaiers, lafaards en mamma se seuntjies is. Soos Magnus Malan dit eens gestel het, dat ons met die kommuniste saamgewerk het en dat ons van die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika deel was. Daar was ook verskeie voorvalle van fisiese teistering, 'ECC'-lede is aangerand, ons huise is met petrolbomme bestook, daar is met die motorvoertuie van 'ECC'-aktiviste gepeuter, die remvoerings is gesny en wielmoere is losgemaak.

Dit het later geblyk dat 'n aantal 'ECC'-aktiviste op die moordlys van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) was en gedurende die noodtoestand in 1985 is ongeveer sewentig tot tagtig van ons aktiviste aangehou. Die jongste van hulle was sewentien jaar oud en die oudste was vyf-en-sewentig jaar oud. Sommige van die aktiviste is deur die militêre intelligensiediens ondervra, ander deur die veiligheidspolisie, sommige is nooit ondervra nie en nie een is verhoor nie.

[Uit *TRC Report – Volume 4: Truth and Reconciliation Commission of South Africa*]

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM IN DIE 1980's DIE AKTIWITEITE VAN DIE APARTHEIDSREGERING SE GEHEIME CHEMIESE EN BIOLOGIESE OORLOGVOERING-(CBO)-PROJEK OOP TE VLEK?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder is uit 'n boek met die titel *A Jacana Pocket History Truth and Reconciliation Commission* deur MI Burton geneem. Dit beklemtoon die aktiwiteite van die apartheidsregering se 'Project Coast' (Projek Kus) en die poging van die WVK om dit oop te vlek.

Dr. Wouter Basson was die hoof van Projek Kus, Suid-Afrika se geheime chemiese en biologiese oorlogvoering-(CBO)-projek. Dit was 'n navorsingsprojek wat amptelik in 1983 begin is om die soektog na CBO-verwante gifstowwe, skynbaar vir verdedigings-doeleindes, maar later vir aanvalskapasiteit, te lei. Dit het verbindings ('n mengsel van stowwe) ingesluit wat in onlusbeheer, asook dwelmmiddels en gifstowwe vir sluipmoorde (politieke moorde), gebruik kon word.

Twee verwante amnestie-aansoeke het die deur vir ondersoeke geopen, en verhore is vanaf Junie 1998 gehou. Dr. Wouter Basson self het geweier om vir amnestie aansoek te doen. Die National Intelligence Agency (Nasionale Intelligensiediens), die kantoor vir Serious Economic Offences (Ernstige Ekonomiese Oortredings) en die kantoor van die Prokureur-generaal het ook daarin belanggestel om die saak op te volg, en toe die WVK aanvanklik besluit het om 'n lasbrief uit te reik, het hulle ingemeng. Die Kommissie het intussen met hul ondersoek voortgegaan en bevind dat hulle 'n miernes oopgekrap het. Projek Kus het blykbaar groot uitgawes meegebring, op die allerminste vir internasionale reise en blootstelling aan CBO-fasiliteite in ander lande, en daar was bewyse van bedrog en selfverryking van individue.

Die WVK het nie die kapasiteit gehad om meer te doen as om 'n paar van hierdie aspekte te ontbloot nie. Hulle het bevind dat die program 'in die hande van een persoon was, dr. Basson', en dat sy hoofde grof nalatig was met die goedkeuring van programme en die toewysing van groot bedrae geld vir hulle aktiwiteite. Dit het verwys na die frontmaatskappye wat gestig is en het bevind dat die program nie moontlik sou wees sonder 'n sekere mate van internasionale samewerking en ondersteuning nie.

[Uit *A Jacana Pocket History Truth and Reconciliation Commission* deur MI Burton

**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit die getuienis wat op 9 Junie 1998 deur dr. Schalk van Rensburg, Direkteur van die Dieresentrum en wetenskaplike adviseur by die Roodeplaat Navorsinglaboratorium (RNL), by die WVK gelewer het. Dit verskaf besonderhede oor hoe Eerwaarde Frank Chikane (die Sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke) vergiftig is.

Die bekendste voorval van vergifting het die moordpoging op die Sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Eerwaarde Frank Chikane, 'n voorste anti-apartheidstryder, behels. Terwyl Chikane in April 1989 in noordelike Namibië gereis het, het hy siek geword met wat skynbaar gastritis (maagswelling) was. Hy het twee weke later genoegsaam herstel en kon na Amerika vlieg, maar daar het hy weereens siek geword. Hy is vier keer in die hospitaal opgeneem; by een geleentheid is hy op 'n respirator geplaas toe sy hart vir 'n kort rukkie gaan staan het. Dokters het uiteindelik tekens van 'n dodelike organofosfaatgif (maak senuwees dood) in sy urine gevind.


Volgens kolonel Eugene de Kock het Weermag-agente die gif aangewend nadat hulle Chikane se tas by die lughawe onderskep het. Wat gebeur het, is nege jaar daarna deur dr. Schalk van Rensburg, in sy getuienis aan die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK), blootgelê. Hy het gesê dat vyf van Chikane se onderbroeke met paraoksien (baie sterk middel) besmet is, maar nie in groot genoeg hoeveelhede om hom onmiddellik dood te maak nie.

… Van Rensburg het gesê dat hy besonderhede oor die sameswering gekry het by dr. Andre Immelman, 'n gifkundige (wetenskaplike wat met chemikalieë werk) by die Roodeplaat Navorsinglaboratorium (RNL), wat as 'n skakelpersoon (kontak) met die Weermag gewerk het. 'Hulle het baie foute begaan. Die agente is nie opgelei oor hoe om die middels te gebruik nie. Hulle het belaglike dinge gedoen, soos om in plaas van om die gif oor 'n redelik groot area te versprei om deur die vel geabsorbeer te word en om absorpsie te bevorder, het die agent dit op 'n klein plekkie geplaas. Vyf onderbroeke is met gif gedokter in plaas van net een. Chikane het dus herhaaldelik siek geword en daar is bewys dat dit vergiftiging is.'

[Uit *The Dis-Eases of Secrecy, Tracing History, Memory and Justice* deur B Rappert en C Gould]

**BRON 2C**

Die spotprent hieronder, deur Zapiro, het op 19 Desember 2013 in die *Mail & Guardian*-koerant verskyn. Dit beeld dr. Wouter Basson, hoof van Suid-Afrika se geheime chemiese en biologiese oorlogvoeringprojek uit.




[Uit *Truth and Reconciliation In South Africa: 10 Years On* deur C Villa-Vicencio en F Du Toit]

**DR. W BASSON**
**Kardioloog**

**Menslike skedels en 'n bottel met gif**

**SKYNHEILIGE EED**

**I SWEAR I NEVER VIOLATED MY OATH! =**

**EK SWEER EK HET NOOIT MY EED OORTREE NIE!**

**BRON 2D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die WVK-verslag wat in Oktober 1998 vrygestel is. Dit fokus op die bevindinge oor Projek Kus.

Tussen die 3 500 bladsye van getuienis, wat oor die verloop van sy drie-jaar-ondersoek versamel is, is daar 'n verdoemende (negatiewe) hoofstuk wat aan Projek Kus gewy is. Die WVK het bevind dat wetenskaplikes, professors, dokters, tandartse, veeartse, laboratoriums, universiteite en frontmaatskappye die apartheid Chemiese en Biologiese Oorlogvoering-(CBO)-program met die ondersteuning van 'n uitgebreide internasionale netwerk staande gehou het. Die WVK het tot die gevolgtrekking gekom dat Projek Kus 'bewys was van wetenskap wat omvergewerp word om siektes te veroorsaak en die gesondheid van gemeenskappe te ondermyn'.

Die WVK het spesifiek bevind dat 'cholera, botulisme (voedselvergifting), antraks (veroorsaak velinfeksies), chemiese vergifting en die grootskaalse vervaardiging van dwelms vir misbruik, na bewering met die doel om skares te beheer, deel van die projekte van hierdie program was' en dat 'chemikalieë, gifstowwe en dodelike mikroörganismes vir gebruik teen individue vervaardig is …'

Die verslag het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die wetenskaplike navorsing wat deur Projek Kus onderneem is, 'oninteressant, misplaas, oneffektief en onproduktief' was. Dit was ook buitensporig (uitermate) duur. Dit het gelei tot die aansienlike selfverryking van verskeie individue wat betrokke was. Die grootste media-aandag het gefokus op die giftige sambrele en skroewedraaiers, die dodelike bakterieë, chemikalieë en dwelmmiddels wat vir gebruik teen vyande van die apartheidsregering opgegaar is. Maar die WVK het ook bevind dat Projek Kus 'middels om die vrugbaarheid en viriliteit (geslagsdrang) van mense te verswak' nagejaag het.

[Uit *Project Coast Eugenics in Apartheid South Africa* deur J A Singh]

**VRAAG 3: SPEEL SUID-AFRIKA 'N BELANGRIKE ROL OM BRICS AS 'N GLOBALE EKONOMIE TE VERSTERK?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder is uit 'n artikel met die titel 'The Pros of South Africa's Membership of BRICS: A Re-appraisal' geneem, wat in die *Journal of African Union Studies* verskyn het. Dit bevraagteken die relevansie (belangrikheid) van Suid-Afrika se BRICS-lidmaatskap

> Suid-Afrika het in 2010 die vyfde lid van die eliteklub, bekend as BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika), geword. Die insluiting van Suid-Afrika het die naam van BRIC na BRICS verander. Die bekendstelling van BRICS het kommer gewek aangesien die wêreld voortdurend ernstige verskuiwings in die internasionale orde dophou, maar daar is gehoop dat dit vir Suid-Afrika 'n positiewe nuwe begin sou wees. Suid-Afrika se gradering is egter in 2014 en 2015 deur die meeste prominente graderingsagentskappe afgegradeer, as gevolg van die swak groeivooruitsigte en stygende regeringskuld asook die groot tekorte in die lopende rekening.
>
> Dit het in baie oorde (institusies) kommer oor die relevansie (belangrikheid) van Suid-Afrika se BRICS-lidmaatskap gewek. Die Wêreldbank het voorgestel dat Suid-Afrika 'n tweeledige (dubbele) ekonomie (verskille in klas en rykdom) moes bly met een van die hoogste ongelykheidskoerse in die wêreld wat ongelykheid en uitsluiting bevorder. Met 'n inkomste-Gini (gelykheidsinkomste) van om en by 0,70 in 2008 en 'n verbruikers-Gini van 0,63 in 2009, is die boonste afname in die bevolking vir 58% van die land se inkomste verantwoordelik, terwyl die onderste afname vir 0,5% en die onderste helfte vir minder as 8% verantwoordelik is (Wêreldbank 2016)*. Dit is nie belowend nie. Hoe kan Suid-Afrika sy BRICS-lidmaatskap gebruik om sy ekonomiese vooruitsigte te maksimeer (vergroot) en om die risiko's en onsekerhede te verminder? Voorts, tot watter mate kan die land uit BRICS voordeel trek?
>
> [Uit 'The Pros of South Africa's Membership of BRICS: A Re-appraisal', *Journal of African Union Studies*, Vol. 7, (Uitgawe 1), April 2018]

***Gini-indeks**: 'n maatstaf van inkomsteverspreiding oor 'n bevolking, as 'n getal tussen 0 (perfekte gelykheid) en 1 (perfekte ongelykheid) uitgedruk.

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 11 September 2012 deur die Suid-Afrikaanse Minister van Internasionale Verhoudings en Samewerking, Maite Nkoana-Mashabane, gelewer is by die ontbytvergadering wat deur die *Business New Age*-koerant georganiseer is. Dit stel voor dat Suid-Afrika en Afrika 'n sleutelrol het om in die BRICS-formasie te speel.

Suid-Afrika het 'n sleutelrol om in die BRICS-formasie te speel om ons buitelandse beleid wêreldwyd te bevorder en om ons binnelandse beleidsdoelwitte te bereik. Ons lidmaatskap van BRICS is op drie pilare gebaseer, naamlik:

- Om ons nasionale belange te bevorder;
- Om streeksintegrasie en verwante infrastruktuurprogramme te bevorder; en
- Om vennootskappe te sluit met sleutelspelers van die Suide oor kwessies van wêreldwye regeringshervormings.

Toe die leiers van die vyf BRICS-lande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) in Maart hierdie jaar (2012) by die vierde beraad in Delhi, Indië, ontmoet het, het hulle verklaar dat 'BRICS 'n platform vir dialoog en samewerking tussen lande is wat 43% van die wêreld se bevolking verteenwoordig, vir die bevordering van vrede, veiligheid en ontwikkeling in 'n multipolêre (verskillende), interafhanklike (van mekaar afhanklik) en toenemend komplekse, geglobaliseerde wêreld. Aangesien ons van Asië, Afrika, Europa en Latyns-Amerika afkomstig is, dra die transkontinentale dimensie van ons interaksie tot die waarde en betekenis daarvan by'.

Volgens die Zambiese ekonoom, me. Dambisa Moyo, soos aangehaal deur Jocelyn Newmarch in haar artikel met die titel 'Global Slowdown Africa's Chance to Stand Up and Shine', wat op 2 September 2012 in die *City Press* verskyn het, 'is die huidige stand van die wêreldekonomie sleg vir die res van die wêreld, maar goed vir Afrika – 64% van Afrika se bevolking is onder die ouderdom van 24. Daar word verwag dat die kontinent se bevolking binne die volgende 40 jaar 2 miljard sal bereik. Hulle is verantwoordelik vir 60% van die ekonomiese groei en sommige Afrikastate het hoër produktiwiteit as ontwikkelde lande. Afrika suid van die Sahara se ekonomie sal na verwagting vanjaar met 5,4% groei en volgende jaar met 5,3%.

[Uit toespraak gelewer by die New Age Business Briefing, Johannesburg, 11 September 2012]

**BRON 3C**

Die bron hieronder is uit 'n artikel met die titel 'South Africa in the BRICS-Africa Relationship' geneem. Dit is deur F Soulé-Kohndou geskryf en het in die *Afrique Contemporaine* verskyn. Dit beklemtoon die uitdagings waarvoor Suid-Afrika as 'n lid van BRICS te staan kom.

Die belangrike rol wat Suid-Afrika hoop om in die BRICS-Afrika-verhouding te speel, gee aanleiding tot baie vrae ten opsigte van die voordele wat dit vir die land kan inhou. Op ekonomiese vlak kan die voordele beperk word. Suid-Afrika se deelname aan BRICS en sy posisionering as 'n poort tot opkomende Afrika-ekonomieë skep 'n reeks mededingende uitdagings vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die eerste is die opkoms van ander Afrika-markte wat hulleself ook as poorte tot Afrika posisioneer en besig is om hulle regulasies en infrastruktuur te vereenvoudig om beleggings te lok.

Die tweede uitdaging is binnelands aangesien buitelandse beleggers tekens van vermoeidheid toon as gevolg van stygende arbeidskoste, 'n gebrek aan tegniese vaardighede en die skim (skaduwee) van beleide wat daarop gemik is om myne te nasionaliseer soos deur Jacob Zuma se regering genoem is, wat dus 'n waarskuwing oor staatsingryping in die Suid-Afrikaanse besigheidswêreld is. Dit dryf al hoe meer beleggers na ander markte met stewige groei, spesifiek Nigerië en Ghana, wat ook hoop om die rol van poort na Afrika vir buitelandse beleggers van BRICS te speel, deur hulle interne regulasies te verslap ten gunste van belegging.

[Uit 'South Africa in the BRICS-Africa Relationship' deur F Soulé-Kohndou]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel 'World Bank Databank, World Bank Indicators 2011' en dit het in die *International Institute of Security Studies (IISS), Military Balance Journal* verskyn. Dit verskaf 'n vergelykende analise van die BBP en bevolking van BRICS-lede tussen 2011 en 2022.

| | **2011** | | **2022** | |
|---|---|---|---|---|
| **LANDE** | **BBP* (VSA$)**** | **BEVOLKING** | **BBP* (VSA$)**** | **BEVOLKING** |
| **Brasilië** | 2,4 triljoen | 198 miljoen | 1,608 triljoen | 212 miljoen |
| **Rusland** | 1,89 triljoen | 142 miljoen | 1,776 triljoen | 146 miljoen |
| **Indië** | 1,87 triljoen | 1 miljard | 3,178 triljoen | 1,380 miljard |
| **China** | 7,3 triljoen | 1,3 miljard | 17,458 triljoen | 1,439 miljard |
| **Suid-Afrika** | 401 miljoen | 50 miljoen | 418 miljoen | 60 miljoen |

[Uit 'World Bank Databank, World Bank Indicators, 2011': *International Institute of Security Studies (IISS), Military Balance 2011* (vir militêre besteding]

* **Bruto Binnelandse Produk (BBP)** is die standaard meting van die produksie van goedere en dienste in 'n land in 'n gegewe tydperk

** **(VSA$):** VSA-dollar/VS-dollar

Monetêre bedrae in toenemende mate:

Miljoen ⟶ Miljard ⟶ Triljoen

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Burton, MI. 2016. *A Jacana Pocket History Truth and Reconciliation Commission* (Jacana Media, Johannesburg)

Villa-Vicencio C en Du Toit F. 2002. *Truth and Reconciliation In South Africa: 10 Years On* (David Philip Publishers, Durban)

De Villiers, S. 1998. *TRC Report – Volume 4: Truth and Reconciliation Commission of South Africa* (Abe Books, Suid-Afrika)

https://www.news24.com/news24/opinions/columnists/guestcolumn/opinion-glenn-bownes-why-i-conscientiously-object-to-whitewashing-of-de-klerks-apartheid-crimes-20211118

*Mail and Guardian*, 22 September 1989

Rappert, B en Gould C. 2017. *The Dis-Eases of Secrecy, Tracing History, Memory and Justice* (Jacana Media, Johannesburg)

Singh, JA. 2002. *Project Coast Eugenics in Apartheid South Africa* (United Nations Institute for Government Research, Kaapstad)

Soulé-Kohndou, F. 'South Africa in the BRICS-Africa Relationship', *Afrique Contemporaine* 2013/4 (No. 248)

Toespraak gelewer by die New Age Business Briefing, Johannesburg, 11 September 2012

'The Pros of South Africa's Membership of BRICS: A Re-appraisal', *Journal of African Union Studies*, Vol. 7, (Uitgawe 1), April 2018

*Vanderbilt Journal of Transnational Law*, Volume 22, Uitgawe 1 van 1989

'World Bank Databank, World Bank Indicators, 2011': *International Institute of Security Studies (ISSS), Military Balance 2011*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . _________________________
_____________________________________________ . _________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ʼn opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ʼn opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| **AANBIEDING** → <br><br> **INHOUD** ↓ | **VLAK 7** | **VLAK 6** | **VLAK 5** | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAS DIE VELDTOG TEN GUNSTE VAN DIE BEËINDIGING VAN DIENSPLIG ('ECC') IN DIE 1980's SUKSESVOL MET HULLE MOBILISERING TEEN DIE APARTHEIDSREGERING?

1.1

*[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- '1983' (enige 1 x 1) (1)

1.1.2 *[Verduideliking van konsep in konteks uit Bron 1A – V2]*
- Verpligte oproep van wit mans (18 jaar en ouer) om die by die Suid-Afrikaanse weermag aan te sluit om die land/apartheid te verdedig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'National Union of South |African Students (NUSAS)'
- 'Quakers' (Kwakers)
- 'Social Action' Groepe van die Anglikaanse en Metodiste kerke'
- 'Civil Rights League'
- 'Young Progressives' (enige 4 x 1) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Om mense te mobiliseer om hul veldtog teen diensplig te ondersteun (intern en ekstern)
- Om die apartheidsregering se intensies/bedoelings wat wit jeug dwing om by die weermag aan te sluit bloot te stel
- Om die negatiewe rol wat deur die weermag in woonbuurte en buurlande te destabiliseer om apartheid te verdedig te beklemtoon
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]
- 'n Demonstrasie van die massiewe ondersteuning wat die mense vir die 'Fast For a Just Peace' veldtog toon
- Dit toon die mag en vermoë van die ECC om mense effektief te organiseer om hul veldtogte te ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2
1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Dat hulle nie in die Suid-Afrikaanse Weermag diens sou verrig nie' (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Om die aktiwiteite van die ECC te onderdruk sodat hulle nie ondersteun word nie
- Om seker te maak dat diensplig voortgaan
- Om te voorkom dat mense witmense sien wat die apartheid regering uitdaag
- Om te voorkom dat die apartheid regering se negatiewe intensies/bedoelings nie ontbloot word nie
- Om 'n indruk te skep dat die apartheidsregering nie 'n krisis ervaar nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B-V2]*

- Die ECC het nie saamgestem met die regering se strategie om diensplig te gebruik nie (om apartheid af te dwing)
- Die ECC glo dat die SAW gebruik was om apartheid te handhaaf
- Die ECC was nie bereid dat hul lede by die weermag aansluit en in 'n onregverdige oorlog teen vryheidsvegters baklei nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Definisie van term uit Bron 1B-V1]*

- 'n Stemming waar mense se opinies oor ‘n spesifieke saak getoets word deur JA of Nee te stem deur 'n ingeligte besluit te neem
- ‘n 'Stemming waar mense die implementering van 'n amptelike voorstel ondersteun of nie deur JA of Nee te stem
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C- V2]*

- Om die posisie van wit beswaarmakers teen verpligte militêre diensplig te beklemtoon
- Om die ECC se massiewe/groot ondersteuning onder wit Suid-Afrikaners te toon
- Om solidariteit tussen jong wit mans teen die apartheid regering se beleid van diensplig te wys
- Om te wys dat die ECC lede militêre diensplig verwerp het deur hul oproepdokumente in te dien
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C –V2]*

- Die ECC se verwerping van militêre
- Die ECC lede protesteer teen die oproep soos uitgebeeld deur hul lede wat oproepdokumente oorhandig
- Die ECC plaas druk op die apartheidsregering om militêre diensplig te beëindig deur massa-optogte en banniere
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun-V3]*

- Bron 1B beklemtoon protes aksie deur 771 ECC lede teen diensplig deur die bekendstelling van 'n nasionale register en Bron 1C beeld baie ECC lede wat betrokke by protes aksie teen diensplig is uit / Beide bronne beklemtoon die protes aksie teen diensplig
- Bron 1B verwys na 771 wit mans wat weier om enige diens in die SAW te doen en Bron 1C wys baie wit mans betogers met oproepdokumente wat hulle sou oorhandig/ Beide bronne verwys na wit mans wat weier en betoog/demonstreer teen diens in die SAW
- In Bron 1B is die ECC lede gekant teen diens in die rassistiese Weermag en in Bron 1C lees die boodskap op die banier 'Ondersteun Beswaarmakers' / Beide bronne verwys na ECC lede wat beswaar aanteken teen diens in die weermag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- ' … het 'n beperkende en bestraffende opsie van alternatiewe diens gebied'
- '… en het ook die straf vir gewetensbeswaardes tot 'n maksimum van ses jaar tronkstraf verhoog'. (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die bestraffende wette vervat in die verdedigingswet slaag nie daarin om die ECC te stop om teen diensplig te veg nie
- ECC veldtogte neem toe in die 1980's ten spyte van die implementering van die wysigings tot die verdedigingswet
- Streng beheer maatreëls verskerp weerstand teen apartheid in plaas van om dit te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *IOnttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'Ons is onderwerp aan genadelose belastering (kritiek),...
- '... ons was-verraaiers, lafaards, mamma se seuns'
- '... met die kommuniste saamgewerk het '
- '... van die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika deel was'
- '... fisiese teistering'
- '... ECC - lede is aangerand'
- '... ons huise is met petrolbomme bestook'
- '… daar is met die motorvoertuie van ECC aktiviste gepeuter', die remvoerings is gesny en wielmoere is los gemaak'
- '… dat 'n aantal ECC aktiviste op die moordlys van die BSB was'
- '... sewentig tot tagtig van ons aktiviste (is) aangehou'
- '... Sommige van die aktiviste is deur die militêre intelligensiediens ondervra deur die veiligheidspolisie. (enige 3 x 1) (3)

1.5.4 *[Bepaal betroubaarheid van Bron 1D – V3]*

**Die bron is betroubaar want:**

- Dit is 'n getuienis van Dr Laurie Nathan – die ECC se Nasionale Organiseerder in 1985 en 1986
- Dr Nathan was 'n getuie – hy het eerstehandse inligting as een van die ECC-leiers
- Die getuienis is gedurende die Spesiale WVK-verhore op 23 Julie 1997 in Kaapstad gelewer
- Die doel daarvan was om insig te gee rakende die onderdrukking van die ECC deur die staat
- Die bron stem ooreen met Bron 1B wat aandui dat die staat die ECC verban het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

**SUKSESVOL**

- Stigting van ECC in 1983 as wit groep wat teen militêre diensplig geveg (Bron 1A)
- ECC het ondersteuning van ‘n wye reeks wit groepe (Bron 1A)
- ECC begin media en nasionale veldtogte ( Troepe uit die Woonbuurt en Vas vir Regverdige Vrede) teen die rol van die weermag ( Bron 1A)
- Die ECC het sy stem laat hoor teen die betrokkenheid van die SAW in buurlande soos Namibië (Eie kennis)
- Die ECC stel bekend 'n nasionale register van gewetensbeswaardes (veldtogte om te mobiliseer en die geveg teen diensplig te verskerp) ten spyte van noodregulasies (Bron 1B)
- ECC leier De Villiers daag die regering uit om 'n referendum te hou om die opinies van die wit jeug te toets ( Bron 1B)
- De Villiers dui aan dat registers in elke streek beskikbaar sal wees vir mense wat hul name by die beswaarlys wil byvoeg om die druk teen die regering te verskerp (Bron 1B)
- ECC lede mobiliseer en protesteer teen diensplig deur 'n optog na die Kasteel in Kaapstad te hou om hul oproepdokumente te oorhandig (Bron 1C)
- Die ECC doen 'n beroep op die apartheid regering om die militêre begroting te verminder en dit aan te wend om sosiale programme te ondersteun ( Eie kennis)
- Dr Nathan se getuienis noem dat die ECC die stryd teen diensplig verskerp het ten spyte van pogings deur die staat om dit deur middel van die Verdedigingswet en ander streng wette ineen te laat stort (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SUKSESVOL**

- Die regering verklaar 'n Noodtoestand in Augustus 1985 om die impak van die ECC te beperk ( Bron 1A)
- Die Noodtoestand maak dit onwettig vir die ECC om die stelsel van militêre diensplig te ondermyn ( Bron 1B)
- Die regering wysig die Verdedigingswet om die magte van die ECC te beperk ( Bron 1D)
- Uitgebreide staatsonderdrukking ( bron 1D)
- Getuienis deur Dr Nathan, Nasionale ECC-Organiseerder by die Spesiale WVK verhore oor die regering se onderdrukkende maatreëls teen die ECC ( Bron 1D)
- Lede van die ECC was genoem verraaiers wat met die kommuniste saamwerk (Bron 1D)
- Die ECC word beskou as deel van die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika ( Bron 1D)
- ECC lede was aangerand, huise was met petrolbomme bestook en die motorvoertuie beskadig (Bron 1D)
- ECC aktiviste was op moordlys van die Burgerlike Samewerkings Buro SBS (Bron 1D**)**
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die End Conscription Campaign suksesvol was om teen die apartheidsregering in die 1980s te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip of die End Conscription Campaign suksesvol was om teen die apartheidsregering in die 1980s te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip of die End Conscription Campaign suksesvol was om teen die apartheidsregering in die 1980s te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM IN DIE 1980's DIE AKTIWITEITE VAN DIE APARTHEIDSREGERING SE GEHEIME CHEMIESE EN BIOLOGIESE OORLOGVOERING-(CBO)-PROJEK OOP TE VLEK?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Dr Wouter Basson' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Definisie van term in konteks uit Bron 2A – V2]*

- Is 'n amptelike verskoning of vergifnis van mense wat van polities gedrewe misdade skuldig gevind is en deur die WVK se Amnestiekomitee goedgekeur is
- Vrywaar teen vervolging in ruil vir die volle waarheid by die WVK
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hy was bevrees dat hy nie vir amnestie sou kwalifiseer het
- Hy was deur geen wet verplig om vir amnestie aansoek te doen nie
- Dr Wouter Basson het volgehou en ontken dat hy enigiets verkeerd gedoen het
- Hy wou nie aanspreeklikheid /self-inkrimineer neem vir die menseregteskendings wat deur die CBO uitgevoer is nie
- Hy was van mening dat hy slegs 'n mandaat van die staat uitgevoer het
- Hy wou nie geheime van die apartheidstaat openbaar nie
- Was nie spyt oor sy aksies nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Projek Kus het blykbaar groot uitgawes meegebring, op die allerminste vir internasionale reise...'
- '… blootstelling aan CBO-fasiliteite in ander lande …'
- '… daar was bewyse van bedrog en selfverryking van individue'
- '... die programme 'in die hande van een persoon was, Dr Basson …'
- '… sy hoofde grof nalatig was met die goedkeuring van programme en die toewysing van groot bedrae geld vir hulle aktiwiteite'
- 'het verwys na die frontmaatskappye wat gestig is'
- '… het bevind dat die program nie moontlik sou wees sonder 'n sekere mate van internasionale samewerking en ondersteuning nie'

(enige 4 x 1) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die CBO programme in Suid-Afrika is deur die buiteland befonds en ondersteun
- Die Nasionale Party het streeks en internasionale ondersteuning gehad en was betrokke in geheime ooreenkomste in sy skending van menseregte
- Die buiteland wat die CBO befonds het, het dit in die geheim gedoen en die wêreld het niks geweet van die beplande chemiese oorlog wat internasionale wette oortree het nie
- Di buiteland het die apartheidswette ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Sekretaris-Generaal' (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Verduideliking van term uit Bron 2B – V1]*

- 'n Anti-apartheid aktivis wat weerstand georganiseer en deelgeneem het teen onderdrukking van die meerderheid mense deur die apartheids-regering vanaf 1948 tot 1994
- 'n Politieke, sosiale en ekonomiese organisatoriese leier wat die onderdruktes teen apartheidsbeleide van die Nasionale Party regering mobiliseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die getuienis ontbloot spesifieke besonderhede ten opsigte van die pogings deur die agente van die verdedigingsmagte om Eerwaarde Frank Chikane te vergiftig
- Dit simboliseer die belangrike rol wat die WVK gespeel het om oortreders aan te moedig om die waarheid ten opsigte van misdade wat gepleeg is, te openbaar
- Dit openbaar die strategie wat deur die apartheidsregering in samewerking met laboratoriums gebruik is om van anti-apartheidsaktiviste ontslae te raak
- Enige ander relevant antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Bepaal bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*

**Die bron is bruikbaar want :**

- Dit is eerstehandse inligting geneem uit getuienis in die Amnestie verhore
- Die getuienis was op 9 Junie 1998 gelewer binne die tydperk van die WVK
- Die getuienis is gelewer deur Dr Schalk van Rensburg, direkteur van die Dieresentrum en wetenskaplike adviseur by die Roodeplaat Navorsing Laboratorium
- Dr van Rensburg het aan die chemiese en biologiese navorsing projekte deelgeneem
- Dit gee volledige inligting wat verduidelik wie betrokke was by die reëling van die plan om Eerwaarde Frank Chikane dood te maak
- Dit stem ooreen met Bron 2C wat uitwys hoe Suid-Afrika in die geheim sy chemiese en biologiese oorlog gevoer het om polities suksesvol te wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Dr Basson ontken dat hy betrokke was by die misdade wat chemiese en biologiese moorde en vergifting behels het (Projek Kus)–beeld homself uit (stel hom voor) as 'n professionele etiese dokter
- Dr Basson beeld hom uit (stel hom voor) as 'n mediese professionele persoon wie lojaal aan sy (hipokratiese) dokterseed is en nie by misdade betrokke is nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Die menslike skedels en bottel met gif impliseer dat Dr Basson blootgestel was by misdade teen anti-apartheidsaktiviste
- Hierdie beelde openbaar dat hy skynheilig teenoor sy professie was, betrokke was by gruweldade, maar doen homself voor as mediese professor
- Hy was betrokke by chemiese en biologiese oorlogsaktiwiteite as hoof van Projek Kus
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- '… wetenskaplikes'
- '… professors …'
- '... dokters ...'
- '... tandartse ...'
- '... veeartse ...'
- '... laboratoriums ...'
- '... universiteite ...'
- '... front maatskappye ...' (enige 3 x 1) (3)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- '… cholera …'
- '… botulisme (voedselvergiftiging …'
- '… antraks (veroorsaak velinfeksies) …'
- '… chemiese vergifting …'
- '… grootskaalse vervaardiging van dwelms vir misbruik …'
- '... chemikalieë, gifstowwe, en dodelike mikro-organismes ...' enige 3 x 1) (3)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die konvensionele metode om die SAW te gebruik is deur die media raakgesien en gekritiseer – om 'n alternatiewe benadering te gebruik om teen sy vyande te baklei
- Om sy strategieë waarmee hy sy vyande wou uitwis, 'n geheim te hou
- Om verskillende en nie-konvensionele maniere te gebruik om sy vyande op baie fronte aan te val (Dit was 'n ander manier om die totale strategie teen die kommunistiese aanslag toe te pas)
- Om 'n uitbreek van aansteeklike siektes te veroorsaak wat druk op die publieke gesondheidstelsel sal plaas
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

***Projek Kus wou :***

- Voorkom dat mense wat gekant is teen die regering om meer kinders te hê/ besiese skending van mense se reg om kinders te hê
- Die toename in mense in groot getalle beheer sodat hulle nie die apartheid staat uitdaag nie
- Doodmaak/elimineer mense wat gekant is teen die regering
- Wit oorheersing in Suid-Afrika handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun-– V3]*

- In Bron 2C beeld menslike skedels uit wat dood aandui en Bron 2D noem dat Projek Kus verantwoordelik was vir die verspreiding van aansteeklike siektes wat gelei het tot die moorde van baie wat apartheid teëgestaan het
- In Bron 2C word Dr W Basson as 'n professionele kardioloog uitgebeeld wat sy eed geskend het in plaas van om mediese sorg aan Suid-Afrikaners te voorsien en Bron 2D noem dat verskeie mediese professionele mense in Projek Kus betrokke was wat die menseregte van Suid-Afrikaners geskend het/Beide bronne verwys na baie mediese professionele mense wat hul eed en menseregte van Suid-Afrikaners geskend het
- Bron 2C toon dat Dr W Basson sy eed oneerlik gebruik/geskend het deur menseregte te skend en Bron 2D noem dat die WVK se ondersoeke openbaar dat Dr W Basson Projek Kus gelei het en het daarin misluk om aanspreeklikheid te neem vir menseregteskendings in Suid-Afrika/ Beide bronne verwys na menseregteskendings deur Dr W Basson
- Beide bronne verwys na die misbruik van die wetenskap om Suid-Afrikaners se menseregte te skend
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**SUKSESVOL**

- Die WVK het 'n lasbrief aan Projek Kus leiers na sy amnestie verhore uitgereik ( bron 2A)
- WVK verhore bevind dat Projek Kus by uitgawes van internasionale reise en blootstelling aan chemiese en biologiese oorlogvoering ( CBO) fasiliteite betrokke was (Bron 2A)
- Die WVK bevind dat Dr Basson Projek Kus gemanipuleer het omdat hy dit alleen met nalatige toesighouers bestuur het ( Bron 2A)
- Die getuienis van Dr Schalk van Rensburg, Direkteur van die Dieresentrum en Wetenskaplike Adviseur by Roodeplaat Navorsing Laboratoriums, openbaar volledige inligting oor die vergifting van Eerwaarde Chikane (Bron 2B)
- Eugene De Kock openbaar hoe Weermag agente gifstowwe gebruik het nadat hulle Eerwaarde Chikane se tas onderskep het ( Bron 2B)
- Dr Immelman se openbaring oor hoe agente foute begaan het in die vergifting proses ( Bron 2B)
- Dr Wouter Basson se oneerlike maniere om hom voor te doen as mediese professionele persoon, word blootgestel ( Bron 2C)
- Beelde van misdade wat deur Projek Kus onder Dr Basson se leierskap gepleeg is, word in die spotprent onthul ( Bron 2C)
- Die WVK bevind dat Projek Kus (CBO) aktiwiteite was teen vyande van apartheid gebruik ( Bron 2D)
- Die WVK bevind dat Dr Basson Projek Kus gemanipuleer het ( Bron 2D)
- Die WVK ontbloot die chemiese en biologiese oorlogvoeringstrategie van die apartheid regering ( eie kennis)
- Dr Basson moes aanspreeklikheid aanvaar vir sy betrokkenheid in Projek Kus (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SUKSESVOL**

- Dr Wouter Basson weier om vir amnestie aansoek te doen vir aktiwiteite wat deur die leierskap van Projek Kus uitgevoer is ( Bron 2A)
- Sommige van die CBO slagoffers was onbekend, dus kon hulle nie getuig het nie (eie kennis)
- Die WVK het nie die kapasiteit gehad om meer te doen as net om paar van die aspekte te openbaar nie ( Bron 2A)
- Slegs 1 militêre persoon, Dr Basson was aanspreeklik gehou, andere het publieke beskouing van die WVK gesystap ( Bron 2A)
- Die internasionale wet oor sameswering was nie in ag geneem nie ( Bron 2B)
- Die WVK en HPCSA was onsuksesvol om Dr Basson aanspreeklik te hou vir skending van die mediese etiese gedragskode (Bron 2C)
- Bewyse van gifstowwe en skedels kon nie teen Dr Basson gebruik word nie ( Bron 2C)
- Die WVK was nie 'n geregshof nie dus kon hy nie Dr Basson aanspreeklik hou nie ( eie kennis)

- Die WVK verslag was nie beslissend rakende die rol van Dr Basson in die apartheid era se gruweldade nie( Bron 2D)

- Die ondersoeke het stil geraak en Dr Basson het voort gegaan om as dokter te werk (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie daarin geslaag het om die aktiwiteite van die apartheidsregering se geheime chemiese en biologiese oorlogvoeringsprojek in die 1980s blootgestel het.** Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie daarin geslaag het om die aktiwiteite van die apartheidsregering se geheime chemiese en biologiese oorlogvoeringsprojek in die 1980s blootgestel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daarin geslaag het om die aktiwiteite van die apartheidregering se geheime chemiese en biologiese oorlogvoeringsprojek in die 1980s blootgestel het.** Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: SPEEL SUID-AFRIKA 'N BELANGRIKE ROL OM BRICS AS 'N GLOBALE EKONOMIE TE VERSTERK?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- '2010' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- '… swak groeivooruitsigte …'
- '... stygende regeringskuld …'
- '… groot tekorte in die lopende rekening' (enige 1 x 1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Daar is 'n groot gaping tussen die rykes en armes in Suid-Afrika
- Suid-Afrika het 'n ekonomie wat kan bydra tot die wêreld ekonomie ten spyte van ongelykhede wat in die land bestaan
- Suid-Afrika het bronne wat ander lande kan verryk ten spyte van sy onvermoë om armoede in sy eie land aan te spreek
- Suid-Afrika is ryk van minerale vir uitvoer maar sy inwoners vind geen baat daaruit nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Definisie van term uit Bron 3A – V1]*
- Ongelyke verdeling van rykdom onder mense
- Verskil tussen diegene wat het en nie het nie
- Diskriminasie gebaseer op toegang tot bronne
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A-V1]*
- '... 0,70 ...' (1 x 1) (1)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ' Om ons nasionale belange te bevorder'
- ' Om streeksintegrasie en verwante infrastruktuurprogramme te bevorder'
- 'Om vennootskappe te sluit met sleutelspelers van die Suide oor kwessies van wêreldwye regeringshervormings' (3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Afrika het 'n belangrike rol om in die globale/wêreld ekonomie te speel deur eise te stel vir hul bronne om hulself te bevoordeel
- Afrika moet in die globale/ wêreld ekonomiese arena intree as gevolg van die globale afname
- Afrika se beurt om teen die supermoondhede op te staan
- Afrika moet sy regmatige plek inneem en erken word as a globale/ wêreldmag
- Afrika moet sy jong bevolking gebruik om sy potensiaal te realiseer/bereik
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Bepaal beperking van Bron 3B – V2]*

**Die bron is beperk want :**

- Dit kom uit 'n toespraak van Suid-Afrika se Minister van Internasionale Verhoudings en Samewerking (d.w.s. Suid-Afrikaanse regering se perspektief/eensydig/bevooroordeeld)
- Kan eensydig wees-Spreek slegs Suid-Afrika se belange aan
- Dit fokus op Suid-Afrika se belange en nie op hoe Suid-Afrika BRICS as globale/wêreldekonomie sal versterk nie
- Die toespraak was gelewer aan 'n gehoor by die Business New Age ontbyt – wat deur lede en ondersteuners van die regerende party ( ANC) van die SA regering gedomineer is
- Me. Moyo se insette verwys na die globale/wêreldekonomie wat goed is vir Afrika in die algemeen en nie spesifiek vir Suid-Afrika nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- '... kan die voordele beperk word' (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Verduideliking van term in konteks uit Bron 3C – V2]*

- Afrika lande/ekonomieë wat ontwikkel en handel dryf met ontwikkelde lande
- Afrika ontwikkelende ekonomieë wat vinnige potensiaal vir groei toon
- Afrika ontwikkelende ekonomieë met lae per kapita inkomste
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- '... stygende arbeidskoste ...'
- '... gebrek aan tegniese vaardighede ...'
- '... skim (skaduwee) van beleide wat daarop gemik is om myne te nasionaliseer ...'
- ‘wat dus ‘n waarskuwing oor staatsingryping in die Suid-Afrikaanse besigheidswereld is’ (enige 2 x 1) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3C om verskille te bepaal– V3]*

- Bron 3B is vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief geskryf nl. dat Suid-Afrika 'n belangrike rol het om te speel in BRICS om sy buitelandse beleid globaal te bevorder terwyl Bron 3C uit 'n perspektief geskryf is wat die uitdagings beklemtoon wat Suid-Afrika as ‘n lid van BRICS in die gesig staar
- In Bron 3B toon Suid-Afrika se lidmaatskap tot BRICS tekens van Afrika se opkoms terwyl in Bron 3C Suid-Afrika se BRICS-Afrika verhouding die voordele wat Suid-Afrika hieruit put, bevraagteken as gevolg van sy mededingende uitdagings van ander Afrika ekonomieë
- In Bron 3B word daar verwys na Suid-Afrika was sy buitelandse beleid globaal/wêreldwyd bevorder terwyl in Bron C buitelandse beleggers na Nigerië en Ghana gedryf word, en nie na Suid-Afrika nie
- Bron 3B noem die voordele van Suid-Afrika se plaaslike en buitelandse beleid terwyl Bron 3C aandui dat die ekonomiese voordele minimal sou wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

(a) 'Suid-Afrika' (1 x 1) (1)

(b) 'China' (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Styg in BBP gedurende die tydperk 2011 tot 2022 het wersksomstandighede, beter lewenswyse en groei van families gebewerkstellig/skep wat tot die styg van die BBP gelei het.
- Dat Suid-Afrika 'n instroming van buitelanders ervaar as gevolg van die verslapping van intree beperkings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- China verskyn as die voorste mag van die BRICS magte
- China belê in baie lande
- In Afrika, vervang China die VSA as 'n verskaffer van buitelandse belegging bv ontwikkeling van infrastruktuur – as gevolg van Goedkoopaarbeid en bekostigbare goedere
- China se bevolkingsgroei lei tot n groter aanvraag van goedere en dienste wat die BBP verhoog
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

**Kandidate moet óf JA óf NEE kies :**

**NEE**

**Ten spyte van**

- Suid-Afrika se bevolking styg van 50 miljoen tot 60 miljoen, is dit steeds die laagste/kleinste in vergelyking met al ander die BRICS lede en dus word dit nie as ‘n leidende land beskou nie
- Suid-Afrika se BBP wat van 401 miljoen tot 418 miljoen gestyg het, is dit steeds die laagste/kleinste in vergelyking met ander BRICS lede-daars geen belangrike impak op ander BRICS ekonomië nie
- Enige ander relevante antwoord

**JA**

- Suid-Afrika ervaar 'n styging in BBP (401 miljoen tot 418 miljoen)en die bevolking (50 miljoen tot 60 miljoen)
- Suid-Afrika net soos Brasilië is steeds 'n ontwikkelende land
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bron – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**JA**

- Suid-Afrika sluit aan by BRICS in 2010 ('n positiewe nuwe begin) ( Bron 3A)
- Suid-Afrika speel 'n belangrike rol in die stigting van BRICS en bevorder buitelandse en binnelandse beleide ( Bron 3B)
- Suid-Afrika speel ook 'n belangrike rol in die BRICS-Afrika verhouding (Bron 3C)
- Suid-Afrika het 'n rol om te speel as 'n opkomende ekonomie in 'n globale omgewing (eie kennis)
- Suid-Afrika het baie buitelandse belange gelok as gevolg van sy hulpbronne (eie kennis)
- Suid-Afrika word die poort na Afrika en die wêreld (eie kennis)
- Statistieke bevestig Suid-Afrika se bydra as 'n BRICS lid (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**NEE**

- Bekommernisse word opgehaal t.o.v. Suid-Afrika se relevansie as lid van BRICS ( Bron 3A)
- Suid-Afrika vind dit moeilik om buitelandse belegging te lok en te onderhou as gevolg van sy stadige ekonomiese groei (eie kennis)
- Plaaslik was Suid-Afrika uitgedaag toe beleggers begin kyk om in Nigerië en Ghana te belê (Bron 3C)
- Nigerië en China word die opsies/keuses om die rol as poort tot Afrika te dien deur hul interne regulasies te verslap ten gunste van beleggings (Bron 3C)
- Suid-Afrika se nasionaliserings- en staatsingrypingsbeleide dien as bedreiging vir buitelandse beleggers (eie kennis)
- Suid-Afrika dra min by tot BRICS met sy kleinste bevolking en BBP ( Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van of Suid-Afrika 'n belangrike rol speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk.** Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip of Suid-Afrika 'n belangrike rol speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk.** Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van of Suid-Afrika 'n belangrike rol speel om BRICS as 'n globale ekonomie te versterk.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die stelling krities bespreek dat die Swartbewussynbeweging onder leiding van Steve Biko swart mense bemagtig het om selfstandig te wees en ontslae te raak van 'n minderwaardigheidskompleks in hul stryd om die apartheidsregering in die 1970s uit te daag.

HOOFASPEKTE
- Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem t.o.v. die stelling dat die Swartbewussynbeweging onder leiding van Steve Biko swart mense bemagtig het om selfstandig te wees en ontslae te raak van 'n minderwaardigheidskompleks in hul stryd om die apartheidsregering in die 1970s uit te daag. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - Geskep nadat ANC- en PAC- politieke leiers en partye in 1960 verban of in die tronk gesit is
- ( Swartbewussyn Filosofie)
  - Vestig gevoel van selfvertroue om die apartheidsregering uit te daag
  - Bevorder selftrots onder swartes
  - Beïnvloed swart mense om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - Bemagtig swart mense om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
  - Vroue moet ophou om vel verligtingsprodukte te gebruik/Behou Afrika-haarstyl
- Stig eie politieke organisasies en die rol wat Steve Biko gespeel het
  - Vestig gevoel van selfvertroue onder politieke organisasies om die apartheidsregering uit te daag
  - Swart studente het self begin om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS weg te breek en SASO (1968) te vorm
  - Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - Swart Bewussyn (SB) het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention (BPC)) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het
  - Vakbonde wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU)
  - Die South African Students Movement wat in 1972 gestig is, het swart mense aan die ideale van die SB blootgestel
  - BCM en SASO het VIVA - FRELIMO-saamtrekke (1974) gereël
  - Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog

- Invloed op studente
  - ➢ Het selfvertroue by studente gevestig om die apartheidstaat te kon uitdaag
  - ➢ Swart Onderwys het in 1975 Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel
  - ➢ SASO en SASB het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students Representative Council (SSRC);) beïnvloed
  - ➢ Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp as die taal van die onderdrukker
  - ➢ Sommige onderwysers en studente was reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur middel van SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - ➢ Die departementele omsendskrywe oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - ➢ Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendskrywe betoog
  - ➢ Polisiereaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
- Stig gemeenskapsprojekte vir selfstandigheid
  - ➢ Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - ➢ Vestig gevoel van selfvertroue onder swartes om gemeenskapsprogramme te begin en selfstandig te wees
  - ➢ SB het onafhanklikheid van wit mense bevorder deur Swart Gemeenskapsprogramme om swart mense te ondersteun sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winterskool-projekte)
- Werkers beïnvloed om apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Werkers gemobiliseer om vakbonde te stig
  - ➢ SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in 1973 in Durban)
- Beïnvloed swart mense om hulle eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Die media was simpatiek teenoor die SB-filosofie, bv. *The World*-koerant
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet standpunt inneem en aandui of hulle met die stelling saamstem of nie dat die hantering van Chris Hani se moord in 1993 die enigste voorbeeld van goeie leierskap van party leiers tydens die onderhandelingsproses van 1990 was, wat gelei het tot 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui of hulle saamstem of nie dat die hantering van Chris Hani se moord in 1993 die enigste voorbeeld van goeie leierskap van party leiers tydens die onderhandelingsproses van 1990 was, wat gelei het tot 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

- Ontbanning/Opheffing van die verbod op ANC, die PAC en die SAKP en ander verbanne organisasies (leierskap deur De Klerk)
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (leierskap deur De Klerk)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP laat politieke gevangenes vry en beide partye verbind hulle tot die beëindiging van geweld en onderhandeling (Geweld in die Vaaldriehoek-Sebokeng het amper die onderhandelinge ontspoor (leierskap van NP en ANC)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – ANC het die gewapende stryd beëindig en die NP het die Noodtoestand opgehef ('n daad van 'goeie trou' om leierskap na 'n vreedsame onderhandelinge deur die NP- en ANC-leiers te toon)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken (verskaf veiligheidsnet vir onderhandelinge deur verskillende partye)
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye, behalwe Konserwatiewe Party (KP) en Pan Africanist Congress (PAC) (Clarence Makewu) IFP (Mangosthu Buthelezi) en AZAPO het nie bygewoon nie- NP kritiseer ANC omdat hulle nie MK ontbind het nie en dat hulle MK as 'n privaatweermag hou - ooreenkoms as deurslaggewend beskou) - (verskillende party leiers)/ Partye kon nie saamstem oor magsverdeling en 'n grondwetgewende vergadering nie-vergadering - is beëindig
- Die Verklaring van Voorneme (20 Desember 1991 – partye het ooreengekom om 'n nuwe Konstitusie/Grondwet saam te stel en ook 'n tussentydse regering daar te stel(goeie leierskap)
- Referendum slegs vir wit mense – De Klerk het wit mening getoets nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is – uitslag, wegholoorwinning vir Ja – onderhandelinge het voortgegaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie lank voortgegaan nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom na Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en invloed van Derde Mag

- Bisho-slagting (September 1992) (geweld) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees ('n keerpunt waarna die onderhandelinge proses ten gunste van die ANC was
- ANC het beroep gedoen vir uitgebreide/rollende massa-aksie teen die Nasionale Party (ANC strategie om te lei deur druk te plaas om die onderhandelingsproses te bespoedig
- Die Verklaring van Voorneme 26 September 1992-Meyer en Ramaphosa (vir NP en ANC) verbind hulself tot vrede en onderhandelinge
- Joe Slovo se oorgangsklousule (Sunset Clause) (2 April 1993) (Kompromie)/ Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid vorm om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou
- Veelparty onderhandelinge gaan voort op 2 April 1993 by die World Trade Centre maar het nie lank geduur nie (magsdeling kompromie)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus (poging om die onderhandelinge te ontspoor misluk)/ Mandela spreek die nasie op TV toe om mense te kalmeer/belangrike ingryping van Mandela (goeie leierskap)
- Die AWB ( Eugene Terblanche) het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het (onderhandelinge gaan voort)
- St James slagting 25 Julie 1993
- Heidelberg-Taverne-skietvoorval (30 Desember 1993)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994)
- Voortslepende geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
- motorbom ontplof by Jan Smuts-lughawe –kon nie die verskiesings stop nie
- Verkiesings gehou as gevolg van toegewyde leierskap
- Mandela word die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid Afrika met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

**[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die ingrypende hervormings wat Gorbachev in die 1980s ingestel het die Sowjetunie polities en ekonomies beïnvloed het, en terselfdertyd tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die ingrypende hervormings wat Gorbachev in die 1980s ingestel het die Sowjetunie polities en ekonomies beïnvloed het, en terselfdertyd tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun/motiveer.

UITBREIDING
**SOWJET UNIE**
- Agtergrondingligting-Sowjetunie ervaar ekonomiese probleme as gevolg van die uitgawes van die Koue Oorlog en oorlog in Afghanistan
- Gorbachev het in 1985 op 54-jarige ouderdom sekretaris-generaal van die CPSU en leier van die regering geword. Hy was nie 'n geharde nie en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitset en tegnologie te verbeter, asook om sy markte uit te brei
- Hy het 'n groot risiko geloop om politieke verandering te bewerkstellig, veral vir die Sowjetunie, bekend vir sy geharde kommunistiese houding.
- Hy wou die Sowjetunie uit 'n swak ekonomiese stelsel haal – weens ruimte en wapenwedloop met die VSA
- Hy het die beleid van Perestroika (Ekonomiese heropbou) en van Glasnost (openheid) bekendgestel
- Glasnost het gelei tot kritiek op die beleid van Perestroika en Gorbache self
- Baie stoere kommuniste was ontevrede met die beleid wat ongewild geraak het
- By die huis het hy twee soorte teenstanders gehad: gehardes wat gekant was teen die hervormings en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg het nie
- Die twee beleide het nie mekaar ondersteun soos daarna uitgesien nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het steun by die huis verloor - Eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en Sosialisme het bedreig geraak
- Hy het 'n heldstatus aan die Weste gebied. Sy persoonlike mag en aansien het toegeneem. Hy het in 1990 'n edele prys vir vrede verdien.
- Baie onderliggende verskille het tussen die 15 Republieke bestaan
- Burgerlike onrus het tussen verskeie groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het na vore gekom en gelei tot nuwe eise vir onafhanklikheid
- Hy het probeer om die disintegrasie te stop deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel - wat misluk het
  Val van die Berlynse muur (1989)

- In 1990 het verskeie Sowjet-state, insluitend Rusland onder Gorbatsjof se bitter mededinger, Boris Jeltsin, hul onafhanklikheid verklaar.
- Op 25 Desember 1991 is die USSR ontbind, die Kommunistiese Party ontbind
- Elkeen van die 15 Republieke het onafhanklik geword en lede van die Statebond van Onafhanklike state geword
- Die verbrokkeling het die einde van die koue oorlog gesimboliseer
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking verbind

**SUID-AFRIKA**

- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregering te ondersteun nie
- Die Weste plaas druk op die NP regering om met die ANC te onderhandel of sanksies word voortgesit
- Die ineenstorting van die Sowjetunie plaas druk op beide die Nasionale Party en ANC om te begin onderhandel
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Carnavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen (bydraende faktor)
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie (bydraende faktor)
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'blanke ekonomiese'- belange nie (bydraende faktor)
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'anti-kommunistiese standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en dit het 'n invloed op Suid-Afrika se Apartheidsbeleid
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rassesegregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was deur sy gewilligheid gewys om met hulle te onderhandel
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou 'n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as 'n alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie 'n sameswering wat uit Moskou bestuur was nie

- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou